BYBELSTUDIE 17: DIE EXODUS **1 JULIE 2020**

Lees Exodus 9: 8 – 12 **TEMA: "VOOR DIE Oë VAN FARAO! "**

INLEIDING: ***God het 'n einddoel voor oë gehad met Sy volk; en geen mens sou Hom kon keer nie! Keer op keer het God deur Moses en Aäron tot Farao gespreek; 5 plae was reeds ge-demonstreer; Egipte was lamgelê; die towernaars was verslaan – steeds luister Farao nie!***

1. Wat is die één besondere verskil mbt die eerste 5 plae en plaag nr 6? Sien **vers 8.**

   _____
   _____

2. Is daar enige geestelike les hierin te leer? Neem **verse 7 en 8** in ag!

   _____
   _____
   _____
   _____

3. Watter verskil vind u mbt hierdie 6 de plaag; teenoor die vorige vyf ten opsigte van die teikengroep en die uitwerking van die plaag? Sien **vers 9**.

   _____

4. Waar sou Moses en Aäron die roet vandaan kry - **v8 en 10** verwys. Is daar enige les hierin te leer?

   _____
   _____
   _____
   _____

5. Watter rol speel die towernaars in hierdie gedeelte? Wat leer u hieruit? Sien **vers 11**.

   _____
   _____
   _____

6. Watter ***"nuwe wending"*** vind ons in **vers 12**? Verduidelik asb.

   _____
   _____
   _____
   _____